## AFDELING B.

## Hoofstuk V.

## Kritiek op die leerplan van die Skoolplase van Transvaal.

1. In die tydperk waarin die skoolplase ontstaan het, het die betekenis van die naam „middelbare onderwys" sy inslag in Transvaal gekry. In 1934 is 'n konferensie oor Landelike Onderwys deur die Minister van Onderwys geopen. Die Administrateurs van al vier Provinsies was teenwoordig. Van Transvaal het ook die Direkteur van Onderwys en Prof. J.S. van Heerden en die here C.J. Blom en H. Voss die konferensie bygewoon. Daar is gepleit vir differensiasie in die skoolleerplan vir die adolessent. Die opvatting van opvoedkundiges in Suid-Afrika soos op die konferensie geopenbaar met betrekking tot die middelbare onderwys is saamgevat in die verslag van die konferensie.[1)]

Om aan hierdie differensiasie-eise van opvoedkundiges gehoor te gee is naas die hoërskool dan met die juniorhoërskool, en die skoolplaas as landelike vorm daarvan, in Transvaal begin. Dit is egter baie duidelik dat in Transvaal gepoog is om die leerplanne van die juniorhoërskool en skoolplaas dieselfde te hou as wat die hoërskool tot Standerd VIII aangebied het, sodat 'n leerling van die skoolplaas of juniorhoërskool in staat gestel kon word om enige tyd na 'n hoërskool te gaan sonder om moeite te ervaar om daar aan te pas.

Die vraag is nou wat die doel was met die samestelling van die leerplanne wat deur die skoolplase gevolg moes word. Sou dit wees om die leerlinge voor te berei vir die lewe, of om aan die behoeftes van elke

---

1. Verslag van Konferensie oor Landelike Onderwys, 1934, 5.

omgewing te voldoen of was dit 'n voorbereiding vir die universiteit? Bobbitt sê „Curriculum making must find guiding principles" which will lead it with all the certainty that is possible in right directions."[1])

Dit lyk of die rigtinggewende krag agter die skerms die Gemeenskaplike Matrikulasie-Raad was, en hulle mikpunt was hoofsaaklik die universiteit. Daarom moes die skoolplase en juniorhoërskole op hulle beurt weer daarna streef om by die hoërskole aan te pas.

Dat dit 'n moeilike taak is vir samestellers van leerplanne om aan die behoeftes van alle leerlinge te dink is baie duidelik. Leerlinge verskil onderling en daarom moet in die leerplan 'n verskeidenheid van vakke aangebied word. Bobbitt sien die vernaamste oorsaak van die haas onoorkomelike probleme in verband met die samestelling van die leerplan vir die middelbare skool in die verwarrende omstandighede wat geskep word deur die verskil in aanleg van die menigte leerlinge en die sosiale neigings en die snel wisselende sosiale en industriële aard van die gemeenskap.[2])

Hierby kom ook nog die botsende filosofiese beskouings van denkers oor die wese en aard van die middelbare onderwys.[3]) Die juniorhoërskool is in baie gevalle as 'n deel van die hoërskool beskou en dis ook natuurlik dat sy leerplan met die van die hoërskool sou ooreenstem. Wat die skoolplase betref, het ons egter met 'n instelling heeltemal apart van die hoërskool te doen, en hier verwag ons dan datuitvoering gegee sal word aan die komitee van 1928 se aanbeveling dat die bestaande

---

1. Bobbitt : How to make a Curriculum, 7.
2. Ibid., 6.
3. du Toit : Histories -kritiese studie van die Transvaalse leerplan vir Middelbareskole, 257.

kurrikulum sodanig gereorganiseer word dat 'n doeltreffende kursus en een wat sig sal aanpas by die behoeftes van die volk, daargestel sal word tot en met Standerd VIII.[1] Dit is dan teleurstellend dat ons moet vind dat hiervan niks te reg kom op die skoolplase nie. Die werk wat daar gedoen is tot 1938 kon maar net sowel deur die bestaande hoërskole gedoen word.

Van die vryheid wat aan hoofde gegun is om self leerplanne op te stel wat sal pas by die omstandighede van die skoolplaas en die eise van die omgewing word ook nie gebruik gemaak nie. Daar word vasgehou aan die bestaande departementele leerplanne om sodoende die pad „matriek-toe" oop te hou.

2. Die menings van Opvoedkundiges oor die leerplan van skoolplase in Transvaal:

(a) Inspekteur F.J. Otten rapporteer in 1937 van die skoolplaas te Sannieshof dat die leerlinge 'n kursus volg wat lei tot die Juniorsertifikaateksamen en die klasure kom ooreen met die van gewone skole.[2] Hy meen dat die tyd aangebreek het om 'n mening te waag omtrent die toekomstige sukses van die skoolplaas. Vir hom is dit reeds baie duidelik dat die skool nie tegelyk die twee here - die Juniorsertifikaateksamen en die skoolplaasvereistes kan dien nie. Die opleiding vir eersgenoemde is op sigself 'n voltydse bedrywigheid sowel vir leerling as onderwyser. Alle energie wat daarvan weggeneem word om aan iets anders te bestee, doen afbreuk aan daardie opleiding en daarom is hy bang dat die eise vir die eksamen so hoog sal word dat dit oor die skoolplaasidee sal triomfeer. Die skool behoort die skakel met die Junior-

---

1. Verslag van Onderwyskommissie 1938, 8.
2. T.O.D. Verslag 1937, 53.

sertifikaateksamen deur te hak. Die ouers moet daarop aandring en die Departement moet dit waag in 'n nuwe rigting. Daarom pleit hy vir 'n kurrikulum wat direkte ontwikkeling van die sintuie en ko-ordonasie van oog en hand ten grondslag het en akademiese boekekennis slegs as 'n aanvullende faktor invoer. Hierdie tipe kurrikulum is nodig vir daardie groot massa van leerlinge wat nie die talente ontvang het om die abstraksies van die hoërskool en universiteitskursus te volg nie. Die vrees dat so 'n kurrikulum die kind van betrekkings in die handel, die industrieë en die openbare dienste sal uitskakel, behoort weggeruim te word. 'n Skoolplaaskursus behoort op sy eie meriete te kan staan en vertroue by die publiek en werkgewers te kan in boesem. Dis tog 'n alledaagse ondervinding dat sukses in die lewe en waarde vir die staat afhang van diens, karakter en persoonlikheid, afgesien daarvan of die persoon in besit is van 'n Juniorsertifikaat of nie. Tot nou toe is die groot sukses van die skoolplaas te vinde in die liggaamlike en persoonlikheidsontwikkeling en praktiese bedrewenheid van die leerlinge.

(b) Ons wil graag hier aansluit by wat inspekteurs J.J. Strasheim, J.C. Pauw en W.M. de Villiers in hulle rapport van 1937 gesê het oor juniorhoërskole.[1] Dit is ook net so waar wat die skoolplase betref. Hulle vind dat die tipe skole nie daargestel is om vakopleiding te verskaf nie. Die steeds toenemende verdeling van arbeid in die moderne beskawing het as gevolg dat die lewe van die gewone burger gevaarlik eng word, en dat hy 'n uiters gespesialiseerde funksie in die samelewing moet vervul. ~~sodat~~ Dit is tog seker verkeerd is om met hierdie proses

1. T.O.D. Verslag 1937, 87.

van verenging alreeds voor die kind se vyftiende of sestiende jaar 'n aanvang te maak. Hulle meen die juniorhoërskool moet liewer mik op 'n breë algemene kulturele opleiding - liewer daarby beroepsleiding instede van beroepsopleiding, met navorsing in verband met die kind se aanleg of potensialiteit. Dit word betreur dat die vakke wat aangebied word nog dieselfde is as die van die hoërskole, maar die bedoeling is om aan die vakke 'n praktiese rigting te gee deur hulle sover as moontlik met die werklike lewensbelange van die leerlinge te verbind. Dit is ook die bedoeling om belangstelling te wek vir en vaardigheid te verskaf in verskillende kunste en vaardighede wat, in die later lewe van die leerlinge, as sierraad en die afwisseling van hulle ledige ure mag dien.

As ons hierby voeg die ontwikkeling van 'n deeglike karakter en 'n gesonde liggaam, dan het ons moontlik al die doeleindes aangestip. Die inspekteurs merk verder die moeilikhede van die hoofde op wat 'n tweërlei doel moet nastreef, naamlik, om die bogenoemde breë kulturele opleiding te verskaf en om terselfdertyd, 'n bevredigende persentasie leerlinge by die juniorsertifikaateksamen te laat slaag.

(c) Dit is nodig dat ons in verband met die leer[illegible] tot 1938 ook die waarskuwing van Sir John Adamson herhaal nadat hy die skoolplase in 1937 besoek het, en verslag by die Departement van Onderwys uitgebring het.[1] Die skoolplase moet nie probeer om aan 'n tweeledige doel te beantwoord en soos die spreekwoord sê „op twee stoele tegelyk te sit nie". Die bewering dat die skoolplaas ag moet slaan op die toestroming na die stad en moet

---

1. T.O.D. Verslag 1937, 152.

probeer om aan die behoeftes van beide die plaas- en dorpsleerling te voldoen, keur Dr. Adamson af. Hy is van mening dat daar geen plek en geen verskoning vir 'n vergelyk is nie. Die skoolplaas behoort 'n opleidingsinrigting vir die plaaslewe en die boerdery beroep te wees en niks anders nie.

Hy beveel aan dat die leerplan meer veelsydig as die gewone middelbare kursus moet wees. Insig, geduld, en ondernemingsgees sal nodig wees om die leerplanne op te stel want nuwe sake sal moet aangeroer word. Daar behoort geen stereotipe kursusse, geen tradisionele sillabusse te wees nie. Elke skoolplaas sal sy eie leerplanne moet ontwikkel. Die leerplanne moet so kultureel moontlik wees - 'n veelsydige liewer as 'n enge kultuur. Hoewel hy waarsku teen te veel handearbeid, sodat dit dalk as 'n arbeidskolonie bestempel kon word, moet daar tog die edelheid van handearbeid by die kinders ingeprent word en die snobisme verbonde aan die idee van "kafferwerk" doodgedruk word.

Van die skoolplaas, soos deur opvoedkundiges gesien, is daar dus in die eerste jaar baie min deur die leerplan weerspieël en kan ons die onderliggende onrus by ons onderwysoutoriteite in die verband baie goed begryp. Dit kan wees dat die skoolplase in hierdie begin jare juis die terugslag gekry het, wat gemaak het dat hulle nie die opvoedkundige instelling van die platteland geword het, wat van hulle verwag is nie. Die gebrek aan visie wat die leerplan betref het hieraan seker nie 'n geringe aandeel gehad nie.

(d) Die Onderwyskommissie van 1937 ag dit dan ook nodig om getuienis wat afgelê is waarin die leerplan

van hoërskole gekritiseer is, aan te haal.[1] Daarin word beweer dat die leerplan van hoërskole oorlaai is. Die kommissie waarsku dat dit baie maklik ook op die skoolplase kan gebeur waar die gewone leerplan gevolg word tot Standerd VIII en ook nog praktiese werk. Daar is egter 'n behoefte om nuwe vakke tot die leerplan toe te voeg en om aan sekere vakke van die leerplan meer tyd te bestee.

Daar word dan ondermeer verklaar dat die leerplan nie daarin slaag om aan te sluit by die behoeftes van die kind, nadat hy die skool verlaat nie. Dit kan egter nie betwis word nie dat elke vak wat waardig is om in die leerplan ingesluit te word, op so 'n manier gedoseer kan word dat dit sy waarde vir die lewe sal uitbring. As 'n kind huis-toe kom met die verklaring dat „meester-sê" dan is hy besig om daardeur 'n brug tussen die skool en die lewe te bou.

Dit moet egter onthou word dat sodra die vraag by die kind ontstaan, „Wat gaan ek word?" maak dit 'n aktiewe behoefte in sy lewe uit en sal die skool moet begin om hierdie vraag te beantwoord, as dit die belangstelling van die kind wil bly behou. Die oplossing moet gevind word in die aanbieding van beroepsvakke en uitgebreide differensiasie van die middelbare skoolkursus.[2] Dit moet net so uitgestrek wees as die verskeidenheid mikpunte wat deur die studente in die vooruitsig gestel word. Daar behoort alternatiewe middelbare kursusse ingestel te word - 'n korter, meer praktiese kursus van drie jaar en 'n langer meer akademiese kursus van vyf jaar. By hierdie driejarige praktiese kursus moes die skoolplase geskaar word.

---

1. Verslag Onderwyskommissie 1937, 152.
2. Ibid., 83.

Hieruit kan ons aflei dat daar met die ondersoek van die Onderwyskommissie vier jaar na die stigting van die skoolplase, nog geen skoolplaasleerplan beskikbaar was nie. Nou reeds begin die proses waarin die skoolplase deur die juniorhoërskool heeltemal verdring word en geleidelik verander in juniorhoërskole in 'n landelike vorm. Die leuse van die skoolplaas sou blykbaar nou word „voorberei vir die lewe", Hierdie te vroeë strewe na spesialisasie sou 'n gevaar vir ons opvoeding, maar nog 'n groter gevaar vir die vroeë adolessent, inhou wat meer as van verbygaande betekenis sou wees.

(3) Die leerplanne van 1944 en 1946:

Die leerplan, soos gepubliseer in 1944[1], het aan die aanbevelings van die Onderwyskommissie van 1937 uitvoering gegee. Daarin word beklemtoon dat die prinsipale, die vryhede aan hulle vergun deur die Departement, nie gebruik het nie, maar meestal die tradisionele paadjie geloop het wat betreklik min afwyk van die gewone hoërskoolkursus. Die leerplan van 1944 word dan ook as 'n meer definitiewe leiding deur die Departement beskryf.

Die doel met die skoolplase en juniorhoërskole is om leerlinge wat in hierdie skole hulle kursus van verpligte onderwys volg, daardie onderwys en opleiding te verskaf wat die beste voorsiening maak in hulle liggaamlike en geestelike behoeftes. Dit moes dan ook tot so 'n mate die leerlinge voorberei dat hulle redelik goed aan die maatskaplike lewe sal kan aanpas. Dit moet 'n skakel vorm vir die sestienjarige leerlinge wat die skool verlaat, tussen die laerskool en daardie beroepe waarvoor die Standerd VIII onderwyspeil as voldoende beskou word.

---

1. Departementele Omsendbrief No.6 van 1944, 2.

Die skooltipe word beskou as 'n tipe op sigself, en nie as 'n brug na die Hoërskool nie. Dit moet sy oog hou op die eise wat die maatskaplike lewe aan beginners stel, naamlik, die sedelike, sosiale, kulturele en ekonomiese en dit moet in die leerplan weerspieël word.

Die leerplan vir Standerd VI is so saamgestel om die aanleg van die kinders te toets of te ontdek en sodoende hulle beroepsrigting te bepaal. Hierdie poging van die Departement om die leerlinge in die rigting te stuur waarin hulle pas, hetsy akademies, klerklik of tegnies is prysenswaardig want dit sou verhoed dat leerlinge in 'n rigting gedwing word waarvoor hulle geen aanleg het nie. Die leerplan is dan ook baie wyd, sodat, behalwe die tale ook voorsiening gemaak is vir praktiese vakke, wetenskappe, rekenkunde en geskiedenis. Dit val egter te betwyfel of die leerling in Standerd VI alreeds die ontwikkelingstadium bereik het waarin hy aan 'n vak soos boekhou reg sou kon laat geskied. Dit is dan waarskynlik ook die rede waarom sulke vakke soos boekhou en eerstehulp uitgelaat is in die hersiene leerplan van 1946.[1)]

In die hersiene leerplan van 1946 word daar, ten spyte van die feit dat onomwonde verklaar is, dat die juniorhoërskool en skoolplaas nie 'n brug is na die hoërskool nie, tog wel voorsiening gemaak vir 'n leerplan wat die akademiese rigting verteenwoordig en wat sal aanpas by die hoërskool. Die gevolg hiervan was dat, wat eintlik bysaak moes wees by die skoolplase het in werklikheid hoofsaak geword en almal het gemik op die akademiese rigting en aanpassing by die hoërskool.

---

1. Departementele Omsendbrief No.1 van 1946, 2.

4. Die leerplan en ons Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing:

Aangesien ons as 'n volk hoofsaaklik die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing toegedaan is, moet dit ook in die leerplan weerspieël word, en moet ons derhalwe 'n belangrike plek aan Godsdiensonderwys toeken. Ons moet die kind in die skool lei tot kennis van God en Sy diens en daarom moet Godsdiensonderwys so 'n ereplek in die leerplan inneem. Hierdie vereiste is te meer noodsaaklik as ons in aanmerking neem dat die skoolplase hulle leerlinge hoofsaaklik in koshuise huisves, wat die ouer en ouerlike huis vir 'n aansienlike deel van die kind se lewe moet vervang.

Die Onderwyskommissie van 1937 rapporteer dat hulle tot die slotsom geraak het, dat daar 'n aansienlike mate van verwarring bestaan wat betref godsdiensonderrig in ons skole, veral in hoërskole.[1] - dit wil sê, alle skole wat onderwys aanbied na Standerd VI, skoolplase ingesluit. Die Kommissie wy besondere aandag aan hierdie saak en wys daarop dat getuies feitlik sonder uitsondering daarop aangedring het dat daar meer aandag aan hierdie vak geskenk sal word. Die Kommissie beskou godsdiensonderwys as die grondslag van alle ware onderwys, en is oortuig dat die bevolking van Transvaal verlang dat hierdie godsdiensonderrig in 'n Christelike gees en as 'n integrerende gedeelte van die skoolleerplan gegee moet word.[2] Die Kommissie beveel dan ook 'n daaglikse periode vir godsdiensonderwys aan.

Tenspyte van hierdie aanbevelings vind ons dat slegs 80 minute, tw. twee veertig minute periodes per week, aan godsdiensonderwys bestee word, dit wil sê

1. Verslag van Onderwyskommissie 1937, 152.
2. Ibid., 156.

16 minute per dag wat heeltemal te min is om van enige waarde te wees. Aan hierdie belangrike vak behoort minstens 30 minute per dag bestee te word. Ons wil ook nog byvoeg dat godsdiensonderwys al die ander vakke in die leerplan moet deursuur, sodat die Christelike Calvinistiese standpunt uitgeleef kan word, instede van 'n objektiewe, kleurlose aanbieding van die leerstof.

5. Differensiasie:

Die leerplan vir skoolplase moet so saamgestel wees dat „die nabysynde, verwyderde en uiteindelike doelstellings" in die opvoeding van die kind verwesenlik kan word.[1] Die leerplan moet dus die kind in staat stel om aan te pas by sy natuurlike omgewing deur hom liggaamlik, sielkundig en verstandelik te vorm. "Education is primarily for adult life, not for child life. Its fundamental responsibility is to prepare for the fifty years of adult hood, not for the twenty years of childhood and youth."[2]

Hier moet egter gewaak word om nie te vroeg van die kind 'n vakkundige te probeer maak nie. Die leerplan van 1946 toon 'n neiging om die „sosiale bruikbaarheid" van Dewey na te sing. Dit wil die kind in die skool voorberei vir die lewe, en hier word meer in besonder die ekonomiese lewe bedoel. Hierdie neiging is verkeerd want die skool, veral die skoolplase en juniorhoërskole, het te doen met die junior adolessent, d.w.s. tot die vyftiende lewensjaar. Dit is die kinders wat nog skoolpligtig is en die aanbieding van beroepskundige vakke moet hier nie oordryf word nie. Die doel moet liewer

---

1. Coetzee : Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 268.
2. Bobbitt : How to make a Curriculum, 8.

wees om die kind meer gevorderde algemene onderwys te gee.

Ons stem saam dat daar 'n verkeidenheid van vakke moet wees, want die lewe is verskeie. Die meeste leerlinge verskil ook wat belangstelling betref, maar hierdie verskeidenheid in die leerplan moet nie beroepsonderwys beteken nie. Ons juniorhoërskole en skoolplase mag geen opleidingsinrigtinge in een of ander werkkring word nie. Hulle moet inrigtings wees waar selfs ons dommer kinders geestelik ryper kan word en meer algemene vorming en ontwikkeling ontvang. „Die onderwys van die afgelope kwart eeu het meer en meer indiwidualistiese werkers en minder en minder volksmense gelewer - meer mense wat na 'n „job" gesoek het en minder mense wat vry kan dink en lewe.[1]

Ons moet waarsku daarteen dat die leerplan so 'n verskeidenheid van vakke sal aanbied dat in werklikheid niks gedoen kan word nie - nie een van die genoemde rigtings kom tot sy reg nie. Dit sterk verder ons standpunt dat die skool nie 'n opleidingsinrigting vir 'n beroep is nie. Na Standerd VIII pas dit baie beter in, nou is die ontwikkelingstadium van die kind sodanig dat meer besondere onderwys met sukses gegee kan word.

Mnr. P.J. Hauman[2] beweer dat volgens 'n ondersoek wat ingestel is, daar geen aanvraag ~~is~~ vir leerlinge met die juniorhoërskool-sertifikaat in tikskrif en snelskrif is nie. Werkgewers verkies die Tegniese Kollege Standerd VIII leerlinge omdat hulle meer gespesialiseerd is.

Dit is te betwyfel of die leerling wat na Standerd VIII die skool verlaat met 'n gevorderde algemene onderwys met een of twee praktiese vakke, daar swakker aan

---

1. Coetzee : Die Onderwysblad Deel LIV nommer 608, 7.
2. Hauman : Die Onderwysblad Deel LII nommer 580, 6.

toe sal wees as die leerling wat 'n gespesialiseerde rigting tot Standerd VIII moes volg en slegs 'n beperkte opleiding in die een rigting kon ontvang.

Daar die skoolplase soos hulle bestaan het, onderwys verskaf het aan die junior-adolessent, behoort ons ook 'n psigologiese eis aan die leerplan te stel, naamlik, of dit pas by die ouderdom en ontwikkelingstadium van die leerlinge. Die vier rigtings, soos in die leerplan van 1946 voorgehou, pas nie by die ouderdomsgroep waarmee dit te doen het nie. Dit sou meer van toepassing wees op leerlinge van 'n later ouderdom tw. vyftien tot sewentien jaar.

Die skoolplaas as landelike vorm van die junior-hoërskool behoort ook meer tyd te bestee aan landbou as 'n vak. Hierby word nie bedoel dat leerlinge in landbou moet spesialiseer nie, maar dit moet die leerlinge op 'n meer wetenskaplike wyse laat deelneem aan al die bedrywighede van die plaas. Sodoende sal die kinders van die skoolplase, deur intelligente studie van hulle omgewing met 'n gees vervul word wat daartoe sal strek om meer belangstelling in die landelike lewe by hulle te wek en die liefde in die plaaslewe te versterk, sodat die huidige eksodus na die dorp en stede, voorkom, of tot 'n groot mate teëgewerk sal kan word.